

'N LOPER VIR JOU BUFFET



patroon verwerk deur SJOUKJE JORDAAN
in samewerking met ONDORI-uitgewers en BRASCH HOBBY, (011) 493-9100, wat die boek Pretty Lace versprei

Voeg linne en hekelwerk bymekaar en skep 'n pragstuk vir jou buffet

deur ANNINE VAN REENEN

BENODIGDHEDE

Beige linne, 61 x 26 cm; 40 g Anchor Mercer-hekelgare Nr. 30; staalhekelpen van 0,9 mm.

MATE

Ongeveer 62 x 35 cm.

AFKORTINGS

kb – kortbeen; pat – patroon; herh – herhalings

AANWYSINGS

Hekel 7 vierkantige motiewe, volg aanwysings op diagram.

Verbind tweede en volgende motiewe in laaste rondte aan vorige motief, soos op diagram aangedui.

AFWERKING

Knip linne oorlangs in helfte, volg draadrigting.

Trek 'n draadje uit, 4 mm vanaf syrand, vou die rand om 'n soom te vorm en hekel 1 rondte kortbeen rondom.

Werk die gehekelde motiewe met glipsteek aan die linnestroke vas, en hekel dan 'n omranding soos op diagram getoon word.



kettingsteek (ks)



kortbeen (kb)



halwe langbeen (hlb)



langbeen (lb)



glipsteek (gl)

LOPER MET INSETSEL





DIAGRAM VIR SAMESTELLING

VAN TAFELDOEK



Dié loper van beige linne en hekelwerk is 'n baie gewilde samestelling wat jy kan gebruik. Hy is 61 cm lank en 26 cm breed. Die hekelstrook bestaan uit vierkantige motiewe en na die laswerk voltooi is, word die lappie sierlik afgerond. Elke beginner kan dit gerus probeer maak!